# My sonde in die teenwoordigheid van die Here

Teks: Psalm 32: 1 - 11
Teksvers: Psalm 32: 5

## 1. Inleiding

Jy is uitgevang en sal nou maar die gevolge van jou dade moet dra? Vandag dink die mens mos hy/sy kan meeste van die tyd met meeste verkeerde dinge wegkom. En wanneer ons dan wel uitgevang word, kan ons mos maklik ons pad uit die moeilikheid uit manipuleer. Dit is hier waar ons stil word in ons voorbereidingsdiens vanoggend. Voor die sonde. Maar eintlik meer belangrike met vuil bebloede sondige hande en gedagtes in die teenwoordigheid van die Here. Of is dit darem net ’n bietjie te erg

Ek as my eie mens is mos die middelpunt van alles. Wel dit is immers die boodskap wat die wêreld elke dag aan ons voorhou. Die vals leer dat prestasie belonings op my harde werk is, en teleurstellings die oorsaak en gevolge van eksterne dinge is. Daarom moet ek as mens net altyd die regte dinge aan die buitewêreld voorhou.

Ongelukkig neem dit nie lank voor hierdie denkwyse en optrede ook my geloofslewe binnedring nie. En dit is hier waar ons fokus val in hierdie voorbereidingsdiens. Is ek werklik bereid om eerlik voor die Here te staan. Of is met respek gesê die Here en geloof maar net nog ’n area in my lewe waar ek dinge manipuleer na my eie belang? Watter rol speel sonde, ja my eie sonde in hierdie hele oortuiging.

Die woord van die Here kom na ons vanoggend in die rou emosies van Dawid in Psalm 32. Hy moet self hierdie harde les leer oor daardie sondes wat Hy diep in sy binneste koester. Is ons vanoggend en hierdie voorbereidingsweek bereid om ook soos Dawid in ons teksvers op te tree?

## 2. Om sonde weg te steek.

Die mens se natuurlike optrede in verband met die sonde word al aan ons geopenbaar in Genesis 3:8: “[8]Hulle het gehoor hoe die Here God in die tuin wandel teen die tyd dat die aandwind opkom, en die mens en sy vrou het vir die Here God weggekruip tussen die bome van die tuin”. Ons wil ons sondes wegsteek. Die rede daarvoor word in die vers 7 uit genesis 3 aan ons gegee: “[7]Hulle altwee se oë gaan toe oop, en hulle besef dat hulle kaal is.”

Aanvanglik is dit presies waar ons ook vir Dawid in ons teksgedeelte aantref. Vers 3 sê: “[3]Toe ek oor my sonde geswyg het. Die bekende 7de vers uit 1 Korinthiërs 13 word soms verdraai om juis hierdie bedeking van die sonde as liefde te openbaar. Maar alhoewel dit soos ons sien so natuurlik is soos om klere aan te trek om jou naaktheid te bedek, is hierdie wegsteek van die sonde nie ’n goeie benadering nie.

Want deur jou sonde weg te steek, skep ’n mens as ’n ware ’n veilige tuiste daarvoor. ’n Beskermde omgewing waarin dit net verder sal floreer. Ons weet mos dat die bose maklik groei wanneer dit gelaat word. Maar hierdie bose het nie ons welstand voor oë nie. Ja dit mag dalk lyk of die wegsteek van my sonde beter sal wees vir my welstand, maar die teendeel is waar. In ons Psalm gedeelte sien ons al die gevolge op selfs die gesondheid van ’n mens. Vers 3b en 4 sê vir ons: “het my liggaam uitgeteer soos ek heeldag om hulp geroep het. [4]U hand het dag en nag swaar op my gedruk, my krag het opgedroog soos water in somerhitte.

Dit is nou hier waar voorbereidingsweek met die oog op die sakrament van die Heilige Nagmaal belangrik word. Die Here skep vir ons hierdie geleentheid ter voorbereiding vir die Heilige Nagmaal. ’n Geleentheid waar ek stil moet word en gaan kyk presies watter sondes ek diep binne my wegsteek. Want Psalm 32 wys ook aan ons ’n uitweg.

## 3. Om sonde voor jou naaste te bely

Maar wat doen ons nou wanneer ons bewus geword het van die sonde wat ons wegsteek. Die eerste waarheid hieroor is dat sonde nie net vir onsself sleg en skadelik is nie. Dit is natuurlik ook vernietigend tot die gemeenskap van gelowiges. My broer en suster in die

geloof ly ook oor my sondes. Daarom natuurlik die sterk klem om die gemeenskap rondom die nagmaaltafel in die kerk. Maar dit gaan nog verder as dit, ook die mense buite die gemeenskap van gelowiges ly. Uiteindelik roep selfs die natuur daar buite uit na die dag van verlossing, volgens Romeine 8.

Daarom tref ons in die Rooms katolieke kerk die gebruik van die bieg aan. Maar uiteindelik is die beig ’n verdraaiing van die gesag van God op aarde. Want volgens Lukas 5:21 kan net God sondes vergewe en nie enige aardse priester of pous nie. In ons gereformeerde kring beklemtoon ons die ander manier. Jesus se self in Matteus 5:23 & 24: “[23]“As jy dus jou gawe na die altaar toe bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, [24]laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer en kom dan en bring jou gawe.”

Daarom is daar ook by ons die gebruik om nie aan die sakrament van die Nagmaal deel te neem, as daar nie vrede met my broer en suster in die gemeenskap van gelowiges is nie. Ons moet in liefde ons sonde en verkeerde optrede opreg teenoor mekaar bely. Die tasbare nabyheid van my medemens maak miskien hierdie saak ’n bietjie makliker. Maar omdat ons as mense nie werklik kan weet wat in ’n ander persoon se binneste gebeur nie, weet ons nog hoe waar en opreg so belydenis is nie.

Sou ons egter terugstaan en nugter na ons teksgedeelte kyk, praat Dawid nie oor hierdie belydenis van sondes teenoor ander mense nie. Dit is nie wat uiteindelik vir hom verligting bring nie.

## 4. Om sonde voor die Here te bely

Wat werklik verligting bring vir Dawid is om sy sonde voor die Here te bely. Want uiteindelik is groot probleem met sonde nie die skade en hartseer wat dit in die lewens van ons medemens veroorsaak nie. Hierdie skade en hartseer is maar bloot addisionele skade as gevolg van die sonde. Die werklik probleem is voor die hemelse Vader. Die almagtige en regverdige skepper en onderhouer van die heelal. Soos wat Dawid ook in Psalm 51:6 sê na sy owerspel met Batseba : “[6]Teen U alleen het ek gesondig, ek het gedoen wat verkeerd is in u oë. U uitspraak is dus reg en u oordeel regverdig.”

Miskien is die probleem dat ons al onbewustelik deel geword het van die ateïstiese strominge rondom ons. Ons leef mos vandag in ’n wêreld wat nie meer rekening of selfs ’n bonatuurlike opperwese wil erken nie. En daarom glo die meeste mense om ons solank hulle saak met ander mense net reg is, is daar niks verder te doen. Vir mense vasgevang in hierdie siening het die Heilige nagmaal ook nie veel meer waarde as ’n geselige aandete saam met vriende nie. Maar hierdie mense sal nooit werklik besef wat Dawid in vers 10 sê nie: “[10]Die goddelose het baie smarte, maar wie op die Here vertrou,dié omvou Hy met sy liefde.”

Hierdie ongelowiges sal ook nooit die goedheid van vers 2 beleef nie: "[2]Dit gaan goed met die mens vir wie die Here die oortreding nie toereken nie en in wie se gees daar geen valsheid is nie”. Maar as ons dat na vers 1 van ons teksgedeelte kyk, word hierdie gpedheid nie oregverdig verwerf indien die Here mens se oortredings nie straf nie, en sy sondes vergewe. Die waarheid is dat die Here wel die oortredings van die mens straf, maar hierdie straf is nie aan die mens self nie. God kies om Sy eniggebore Seun, ons Here Jesus Christus te straf vir hierdie sondes van ons.

Dit is uiteindelik waaraan die sakrament van die Heilige Nagmaal ons ook moet herinner. En daarom is dit nodig dat ons in die week van voorbereiding stil word vir daardie sondes wat ek diep binne my wegsteek. Dit nodig dat ek juis daardie sondes na die nagmaalstafel bring. Want wanneer ons in vers 1 lees: “Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is.” , weet ons dat ons sonde eintlik bedek is met die bloed van ons Here Jesus Christus.

## 5. Slot

Ons kan laastens terugkom na belydenis van ons sonde voor die Here teenoor voor mense. ’n Groot probleem in die moderne samelewing, is die feit dat respek vinnig besig is om uit te sterf. Daar word vandag so baie klem in die individu en sy/haar eie geluk geplaas dat respek die onderspit byt. Mense het min tot geen respek vir mekaar nie, en gee dikwels nie regtig om hoe hulle uitsprake en optrede ander om hulle gaan raak nie.

Maar as ons dink daar is min respek vir ons medemens om ons, dan is dit nog baie erger wanneer ons by die Here kom. Oor die algemeen is daar nie meer respek vir die Here rondom ons nie. En dit is maklik om hierdie

aanklag voor die deur van die ongelowiges te lê, maar broers en susters in die geloof is dikwels net so skuldig.

Miskien is hierdie respek vir die Here, Sy kerk en die mense wat Hy roep in Sy diens daardie diep verborge sonde binne my. ’n Sonde wat ek maklik wegsteek onder verskonings om so min as moontlik tyd en moeite aan georganiseerde geloof te spandeer. Maar ook hiervoor is daar verlossing in die liggaam en bloed van ons Here Jesus Christus. Daardie selfde sondelose liggaam wat Hy geoffer het aan die kruis tot versoening van al my sondes. Kom gaan hierdie week van verootmoediging in met die oog op die gebruik van die sakrament van die Heilige Nagmaal volgende Sondag.

Amen